Ontmoeting 2

Esegiël

Kinders besef die krag van die Heilige Gees.

Teks: Esegiël 37
Hulpmiddels:

- ŉ Groot oop plastiek bak of diep skinkbord
- Sand, braaipap of rou rys (wat ook al die maklikste is om te kry)
- Dik strooitjies om mee te blaas (sodat die kinders nie sand of pap in hulle oë kry nie)
- ŉ Paar plastiek bene/klippies/toegedraaide lekkertjies
- Opname van die geluid van wind (kan afgelaai word by: https://kixkinders.co.za/wp-content/uploads/2018/04/O9_stilword_ritueel_wind.mp3)
- Plakkaat met die definisie van ŉ profeet
- Klein papierbordjies
- Patrone van die geraamtedele
- Geraamte uit papierborde of roomysstokkies
- Prentjies op sosatiestokkies vasgeplak: 1 Luidspreker en 4 van die wind wat blaas
- Skêre

Welkom

Oopblaas: Steek ŉ paar items weg in ŉ skinkbord of groot plastiekbak gevul met rys of sand. Laat die kinders een vir een na vore kom en kyk of hulle in 10 sekondes met ŉ dik strooitjie ŉ skat in die bak kan oopblaas. Elkeen wat iets in die bak kan oopblaas, kan ŉ klein lekkertjie kry.
Ballon: Deel die kinders in groepe van 7 en gee vir elke groep ŉ opgeblaasde ballon. Die groep moet kyk hoe lank hulle die ballon in die lug kan hou deur net te blaas; hulle mag nie hul hande gebruik nie.

Wyding

Stilword-ritueel: Laat elkeen ŉ plekkie kry om stil te sit en diep asem te haal. Laat hulle 5 keer diep inasem en stadig uitasem terwyl hulle na die geluid van die wind luister. Bid dan die volgende gebed:

"Liewe Here, dankie dat U asem in ons geblaas het. Amen."

Woord

Ons tema vir die kwartaal is mos "Prettige Profete". Kan julle nog van verlede keer af onthou wat ŉ profeet is? *(Verwys na die plakkaat wat in Ontmoeting 1 gebruik is).*

Vandag se prettige profeet se naam is Esegiël. Esegiël moes slegte en goeie nuus vir God se kinders bring. Die bekendste visioen wat Esegiël gehad het, was ŉ boodskap van God wat goeie nuus vir sy kinders sou bring. Ons lees daarvan in Esegiël 37: 1–14.
(Haal die sandboks uit of gebruik die verwelkoming speletjie se sandboks. Laat iemand voor die tyd die geraamte in die bak wegsteek. Verskuif die sand in die boks sodat daar ŉ hoogte en ŉ laagte is. Plaas uitgeknipte bene – wat reeds aanmekaar gesit is – of roomysstokkies onder in die laagte. Gebruik ŉ toiletrol-mannetjie om Esegiël voor te stel.) Die mag van die Here het my in besit geneem en my deur die Gees van die Here uitgebring en neergesit binne-in 'n laagte. *(Plaas die toiletrol-mannetjie in die sandboks.) Die laagte was vol bene. (Sit die hopie stokkies of papierbene in ŉ hopie neer.)* Die Here het my om die bene laat loop, *(Laat die toiletrol-mannetjie om die bene loop.)* en ek het gesien daar is baie bene in die laagte en hulle is baie droog. Toe vra Hy vir my: "Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?" Ek het geantwoord: "Nee, dit weet net U, Here, my God." *(Laat die mannetjie sy kop heen en weer skud.)* Hy sê toe vir my: "Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle: 'Hoor die woord van die Here, droë bene!' *(Laat die mannetjie afkyk na die bene en steek die prentjie van die luidspreker voor die mannetjie sodat dit lyk of hy praat.)* So sê die Here my God vir hierdie bene: 'Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe: Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees in julle gee sodat julle kan lewe. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.' " Ek het toe as profeet opgetree soos ek beveel is, en terwyl ek dit doen, hoor ek 'n gedreun: die bene het na mekaar toe beweeg, elkeen na die been toe wat by hom pas. *(Skuif jou hande na die bene en begin om die bene aan mekaar vas te sit om ŉ lyfgeraamte te vorm. Die roomysstokkies kan met stukkies wondergom geplak word.)* Terwyl ek kyk, kom daar senings en vleis aan hulle en word daar vel bo-oor getrek. Maar daar was nog nie gees in hulle nie. Toe sê die Here vir my: "Praat nou as profeet met die gees, tree op as profeet, mens, sê vir die gees: 'So sê die Here my God: Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe.' " *(Plaas die 4 stokkies met wind prentjies in die hoeke van die bak sodat hulle in die rigting van die bene blaas.)* Ek het as profeet opgetree soos die Here my beveel het *(Blaas op die bene.)* en toe kom die gees in hulle, en hulle lewe en gaan staan regop. Dit was 'n groot klomp mense. *(Sit prente van Bybelse figure of toiletrol-mannetjies bo-oor die geraamtes en laat hulle regop staan.)*
Die Here het vir my gesê: "Mens, al hierdie bene stel die hele Israel voor. Hulle sê: 'Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons.' Tree op as profeet, sê vir hulle: 'So sê die Here my God: Ek sal julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, en Ek sal julle terugbring na die land Israel toe. Wanneer Ek julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, sal julle besef dat Ek die Here is. Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe *(Beweeg die mannetjie op en af.)* en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen,' sê die Here."

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder watter deel van die storie gaan jy die beste onthou.
2. Ek wonder of jy ook al hopeloos gevoel het.
3. Ek wonder wat het jou al lewendig laat voel (bv. musiek, om in die natuur te wees, speel saam met vriende, ens).

Werskaf

- Bou ŉ groot geraamte saam as ŉ groep (uit papierborde) en skryf orals op die "droë bene" die volgende teks: Es 37:14: "Ek sal my Gees in julle laat kom, sodat julle kan lewe." Gesels/skryf op die bene oor hoe ons lewe kan bring vir iemand wat moedeloos of eensaam voel, iemand wat twyfel of iemand wat hartseer of honger is.
- Neem ŉ papierbord waarop vooraf ŉ spiraal met ŉ dik koki-pen geteken is. Laat die kinders met verskillende kleure die teks (Es 37:14) op die lyn skryf. Herhaal die teks tot die hele spiraal vol is. Knip op die lyn en maak ŉ toutjie vas in die middel. Die spiraal kan in die wind opgehang word.

- Verf met wit gesigverf op elke kind se hand n paar bene sodat die kinders by die huis vir iemand kan gaan vertel dat God se Gees ons lewendig maak.

Sluit af met die seënbede















Die sketse bo dien as verwysing van die verskillende dele van die geraamte. 'n Mens kan dit ook gebruik (vir 'n groter geraamte as dié in die video), maar dan moet jy nog 3 bene vir die arms en 3 vir die bene byteken.

Die tekeninge links onder is wat ek gebruik het in die video.

Vanaf die volgende bladsy volg die verskillende dele van die geraamte om op papierborde (of op karton) te teken.